

6 Mei 2010

Jaargang 3 – Uitgawe 13

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad



Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Is ons besig met die kerk van God of met die God van die kerk?

'n Beroemde akteur is per geleentheid as eregas na 'n dinee by 'n aftreeoord genooi. Na ete was daar lofbetuigings oor die akteur se roemryke loopbaan en is hy gevra om iets voor te dra.

Hy het gevra of daar 'n spesiale versoek is. Die mense was maar skaam en was ook nie so bekend met sy repertorium nie. Toe staan 'n ou dominee op en vra: *Sal u nie asseblief vir ons Psalm 23 voordra nie?* Die akteur was effens uit die veld geslaan, want hy was eintlik bekend vir sy vertolking van Shakespeare. Hy het 'n bietjie geaarsel en toe sê hy: *Met plesier. Ek dink ek ken nog die woorde.*

Toe hy met sy pragtige stem en korrekte uitspraak begin voordra, het almal behoorlik aan sy lippe gehang. Nog nooit het iemand die psalm vir hulle so mooi voorgedra nie. Toe hy klaar was, het 'n spontane handeklap losgebars.

*Baie dankie. Baie dankie...* Die akteur was amper aangedaan deur die gehoor se waardering vir sy poging. Spontaan sê hy: *Maar nou wil ek graag 'n guns vra. Sal die persoon wat gevra het dat ek die psalm voordra, dit nie ook vir ons voordra nie?*

*Ek, het die bejaarde dominee verbaas gevra? Ek weet niks van voordragkuns nie en my stem is maar taamlik treurig. Maar as u dit as 'n guns vra, kan ek nie weier nie.* Die akteur beduie dat hy vorentoe moet kom, maar die ou man glimlag en sê: *Toemaar, ek staan somer hier by my sitplek.* Toe begin hy met sy ietwat krakerige stem Psalm 23 voordra...

Aan die einde van die psalm het niemand hande geklap nie, maar die hele gehoor het met geboë hoofde gesit en min oë was droog. *Sien julle die verskil?* vra die akteur met oë vol tranes. *Ek het julle oë en ore bereik, maar hierdie man het julle harte geraak. Want sien, ek ken Dawid se psalm, maar hierdie man ken die God van die psalm.* (Uit *Stories vir die lewe* deur Piet Naudé)

Hierdie storie het my laat wonder of ons nie baie keer besig is met die kerk van God en nie met die God van die kerk nie. Later vanjaar begin die Algemene Kerkvergadering (AKV), en as vorige AKV's enigsins as maatstaf kan dien, weet ek dat ons vreeslik baie tyd gaan gebruik om te praat oor die kerk van God. So byvoorbeeld het die vorige AKV ure bestee om te bespreek of ons Kerk as 'n volkskerk bekend moet staan of nie. Daar is selfs vergaderings voor die AKV gereël om oor die saak te praat. Alles dui daarop dat die patroon hom hierdie jaar gaan herhaal.

Ek wonder maar net of die tyd nie aangebreek het nie om minder te praat oor volkskerk en meer oor Godskerk. Vir diegene wat dit nie beseef nie, die skrif is aan die muur. Ons Kerk verloor lidmate teen 'n ontsettende tempo, en na my beskeie mening gaan dit nie gestuit word deur die feit of ons 'n volkskerk is of nie. Dit kan eerder gestuit word as ons meer begin om Godskerk te wees.

Die tyd is verby om ons besig te hou met die kerk van God. Gemeentes en die Kerk in geheel, dit sluit elke raad en elke vergadering in, ook die AKV, sal moet begin om al ons tyd en energie te fokus op die God van die kerk.

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)

Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)

e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op [www.hervormer.co.za/cancel.html](http://www.hervormer.co.za/cancel.html)

Dr Piet van Zyl, Ermelo

## BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

### Vakante standplaas

- **Gemeente Bothaville** beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas**, en nooi belangstellende predikante en proponente van die Hervormde Kerk om **voor of op 22 Mei 2010** 'n e-pos of faks te stuur aan [doutie@vodamail.co.za](mailto:doutie@vodamail.co.za) of 056 515 2673. Meld asseblief u naam, aantal diensjare, ouderdom en kontakbesonderhede.

Bothaville is 'n dinamiese plattelandse gemeente met nagenoeg 300 belydende lidmate. Die gemeente beskik oor 'n netjiese pastorie, en die NHSV is besonder aktief.

Navrae kan gerig word aan die skriba, oudl Louwtjie Denner, by 083 273 2387, of die konsulent, ds Gert van Staden, by 082 777 6254.

### PREDIKANTE EN GEMEENTES



Manie en Hettie Dreyer

- Die groot vriend van al ons predikante, **Manie Dreyer**, is op Woensdag 5 Mei oorlede. Die Kerk se innige meeleving gaan aan Hettie en hul familie. Die roudiens vind Saterdag 8 Mei om 12:00 by **Gemeente Theresapark** plaas. (Lees die artikel van dr Koos Engelbrecht oor Manie in die Mei-uitgawe van *Konteks*.)
- **Ds Buddy Dupper** se moeder is op Saterdag 1 Mei oorlede. Die roudiens word op Donderdag 6 Mei in die kerkgebou van **Klerksdorp-Suid** gehou deur ds Jan Wilson wat jare lank haar predikant was. Ds Dupper en sy familie word troos en sterkte toegebied.
- **Ds Herman Meyer** se vader is op Dinsdag 4 Mei oorlede. Hy was 'n kankerlyer. Meeleving word met ds Meyer en sy familie betuig.
- **Ben Havenga** van **Gemeente Lydenburg** is op Woensdag 28 April oorlede. Hy was vroeër 'n lid van die Kommissie van die AKV.
- Dit gaan baie sleg met **oudl Hannes Esterhuizen**, jarelange ouderlinglid van die Kommissie van die AKV. Hy is reeds bykans twee weke lank in die hoërsorgafdeling van die Wilgers-hospitaal en het drie operasies ondergaan. Voorbidding word vir hom en sy gesin gevra.
- **Ds Giel Malan** van Gemeente Newlands (Johannesburg), sy gesin en hul gaste is Vrydagnag 30 April deur gewapende rowers in hul huis in Wonderboom oorval. Ds Malan kon daarin slaag om sy eie wapen af te vuur, waarna die jong skurke met die teenwoordiges se selfone gevlug het. Na die trauma is die gesin meer paraat, en baie dankbaar teenoor die Here dat hulle ongedeerd daarvan afgekome het.
- Baie geluk aan **ds Jaco Vogel en Quenunca** met die geboorte van hul eersteling Marizé op 23 April. Die gesin woon nou in Centurion nadat ds Jaco op 1 Mei as



Ds Giel Malan en sy gesin



Ds Jaco Vogel



Prof Piet en Riekie van der Merwe



Prof Piet en Louise Geyser



Ds Piet Steenkamp Ds Adriaan Roets



predikant in **Gemeente Rooihuiskraal** diens aanvaar het. Hy word op **Sondag 23 Mei** bevestig deur dr Wian Kloppers.

- **Prof Piet van der Merwe en Riekie van der Walt** is op Saterdag 17 April in die Kleinkaaop-onthaalsentrum in Centurion in die huwelik bevestig. Riekie was 'n mooi Oosthuizen. Hulle is jare gelede deur prof Wallie da Silva aan mekaar voorgestel. En kyk net die stralende egpaar op die foto! (Lees ook die artikel van Annette de Jongh oor die Van der Merwe-egpaar in die Junie-uitgawe van *Konteks*.)
- Ons het verlede week berig oor **dr Stephan Hoffman** van Gemeente Vaalharts wat op Donderdag 22 April tydens die Universiteit van Pretoria se gradeplegtigheid sy DD-graad ontvang het, en **ds Marthinus van Staden** van Gemeente Gaborone wat 'n MA-graad in Praktiese Teologie (Jeugbediening) verwerf het. Ons het intussen verneem dat **ds Maryka Potgieter** van Londen (met benoeming van die kerkraad van Swartkop) en **ds Tanya Zwarts** van Gemeente Alberton albei 'n MTh-graad in Dogmatiek by dieselfde geleentheid ontvang het. Ds Zwarts het haar graad met lof verwerf.
- Tydens **Gemeente Rooihuiskraal** se erediens op 2 Mei is **prof Piet Geyser** en sy vrou, Louise, bedank vir sy bediening die afgelope twee maande terwyl die standplaas vakant was.
- **Ds Piet Steenkamp** se bevestiging by **Gemeente Saffierkus** het plaasgevind op Sondag 2 Mei. Ds Jacques Pieterse het die bevestiging behartig.
- **Ds Adriaan Roets** vier op Sondag 9 Mei sy 25ste jaar in die amp. Hy lei die erediens om 10:00 in **Gemeente Swartkop**.
- **Ds Leslie Kern** van die Kurumankombinasie se selffoonnommer het verander. Die nuwe nommer is 072 618 5009.
- **Die volgende predikante verjaar in die komende week**, en word hartlik geluk gewens. Hul besonderhede verskyn in die *Almanak*, indien lesers hulle dalk op hul verjaardae wil kontak.
  - o Vrydag 7 Mei: Ds Peet Botha
  - o Sondag 9 Mei: Ds Leon Geel en dr André Groenewald
  - o Maandag 10 Mei: Di Frans Ras, Fanie Swanepoel en Gert van der Merwe
  - o Dinsdag 11 Mei: Ds Guillaume Rocher en dr Christo van der Merwe
  - o Woensdag 12 Mei: Ds Buks van Heerden
  - o Donderdag 13 Mei: Drr Gerhard Lindeque, Koos Prinsloo, di Hennie Pretorius, Ockie van Schalkwyk en prof Ernest van Eck
  - o Vrydag 14 Mei: Di Willem Kok en Pieter Uys
- Ongeveer 60 lidmate en predikante het op 27 April die Kerk se **Aktualiteitsdag** by Gemeente Montana bygewoon. Die geleentheid is op versoek van die Kommissie van die AKV deur die Hervormde Teologiese Kollege gereël. Die teenwoordiges het in vier groepe verdeel om vier verskillende temas elk eers in 'n klein groep te bespreek voordat dit later die middag deur die groot groep bespreek is. Die temas was Skrifbeskouing en Skrifhantering, volkskerk, ekumene, en missionale gemeentes. Die Aktualiteitsdag was 'n goeie geleentheid om te praat en te luister, en die besprekings is in 'n positiewe gees gevoer.
- Die **NHSV** se 70 jaar-feesviering word voortgesit oor die naweek van **22 tot 23 Mei** met 'n feesboodskap vanaf die hoofbestuur en die uitdeel van glansbrosjures, waarna die dames van die gemeentes die lidmate sal bederf met 'n gemeentete/ete. Kom deel saam met die NHSV in hierdie vreugdevolle viering.



- **Ds Hennie la Grange**, voorheen predikant van **Gemeente Durban-Suid**, het al sy teologieboeke aan die gemeente geskenk. Die 181 boeke dek al die afdelings van die teologie. Daar is onder andere kommentare van prof Van Selms, dogmatiekopstelle van prof Ben Engelbrecht, en ander waardevolle teologieboeke wat vandag nie meer verkrygbaar is nie. Al die boeke kan teen 'n klein bedrag gekoop word. Kontak prof Bieks Beukes by 072 036 4960 of [bieks@labas.co.za](mailto:bieks@labas.co.za).
- Die **Eendrachtkring** se **ontbytbyeenkoms** is op **Donderdag 20 Mei** om 09:30 vir 10:00 in die kerksaal van **Gemeente Pretoria-Oos**, Delyweg 100. Persone wat nog nie bespreek het nie, moet dit asseblief dadelik maar op die allerlaatste **Maandag 10 Mei** doen. Die ete word verskaf deur 'n buitespysenier. Skakel Marie Antonites by 012 332 1053 of 072 740 9537, of Hendrien Swart by 012 654 9766 of 083 722 3653.
- Met die oog op die komende **AKV** word kerkrade versoek om hul **geloofsbriewe** so gou moontlik in te stuur na die sekretaris van die Kommissie. Ringsvergaderings en rade word daaraan herinner dat verslae en beskrywingspunte wat in die **agenda** opgeneem moet word, **teen 15 Mei** ingehandig moet wees, behalwe in die gevalle waar reëlings getref is vir laat inhandigings.
- **Gemeentes** word versoek om adresveranderinge en veranderinge ten opsigte van ampsdraers so gou moontlik by mev Karen Breedt aan te meld. Daar word gepoog om die Sinodale Kerkkantoor se **datastelsel** op 'n daaglikse basis op datum te hou.
- Die volgende **ringsvergaderings** vind in die **komende week** plaas:
  - o 7 en 8 Mei Bloemfontein, te Bloemfontein-Wes
  - o 7 en 8 Mei Noordelike Pretoria, te Oos-Moot
  - o 8 Mei Heidelberg, te Standerton
  - o 8 Mei Heilbron, te Vaalpark
  - o 8 Mei Laeveld, te Tzaneen
  - o 8 Mei Losberg, te Carletonville
  - o 8 Mei Potgietersrus, te Roedtan
  - o 8 Mei Vereeniging, te Sonlandpark
  - o 8 Mei Wes-Kaapland, te Stellenbosch
  - o 8 Mei Zuurfontein, te Primrose
  - o 9 Mei Klerksdorp, te Hartbeesfontein
  - o 9 en 10 Mei Rustenburg, te Rustenburg
  - o 9 en 10 Mei Pretoria-Wes, te Erasmia (nie Verwoerdburg soos vroeër berig is nie)
  - o 9 tot 11 Mei Pretoria, te Meyerspark
  - o 9 tot 11 Mei Potchefstroom, te Grimbeekpark
  - o 10 Mei Bronkhorstspruit, te Witbank-Noord
  - o 14 Mei Lydenburg, te Sabie
- Die **5de Algemene Diakensvergadering (ADV)** vind by Gemeente Meyerspark plaas van **Woensdag 19 tot Saterdag 22 Mei 2010**. Registrasie begin op Woensdag 19 Mei om 16:30, en die openingserediens begin om 19:00.
- Gemeentes kan **nominasies** voorlê vir die toekenning van 'n **erepenning vir besondere dienslewering** in die Kerk. Die nominasies moet die sekretaris van die Kommissie van die AKV **voor 31 Mei 2010** bereik. Die reglement vir toekenning is beskikbaar op die Kerk se webblad.
- **Nominasies** vir die toekenning van die **HCM Fourie-erepenning** sluit ook op **31 Mei 2010**.

Laat ons ook  
na mekaar omsien  
deur mekaar aan te spoor  
tot liefde  
en goeie dade

www.kerk.co.za





Prof Malan Nel

- Belangstellende lidmate en kerkraadslede word uitgenooi na die stigtingsbyeenkoms van die **Vriende van die Museum**. Dit vind plaas op **Sondag 16 Mei** om 14:00 by die kerkgebou van Gemeente Pretoria in Du Toitstraat. Kontak dr Christo Pretorius by 083 651 9634, of Ansie Joubert by 012 321 7580 of [pretoria@nhk.co.za](mailto:pretoria@nhk.co.za) vir meer inligting, en om te bevestig of u die geleentheid gaan bywoon.
- **Dr Gert Volschenk** berig uit **Australië** dat 'n gemeente van die ACK (Afrikaanse Christelike Kerk) op 2 Mei te Whangarei gestig is met 'n lidmatetal van ongeveer 50. Ses ouderlinge en vyf diakens is by die geleentheid verkies. Hy berig dat die afstigting goed en ordelik geskied het en dat daar groot opgewondenheid en entoesiasme by die gemeentelide is.
- In 1986 het **prof Malan Nel** die eerste studietoer met 49 predikante na die VSA onderneem. Die toer van **15 November tot 17 Desember 2010** is nommer 9 onder sy leiding. Besoeke word gebring aan 21 plaaslike gemeentes en 6 teologiese seminaria. Luister na die insette en perspektiewe van 14 teologiese leiers. Skryf aan [m.mcnel@mwebbiz.co.za](mailto:m.mcnel@mwebbiz.co.za) vir meer inligting.
- **Gemeente Gaborone** beplan om hul **voltooide kerkgebou feestelik in gebruik te neem** op **Sondag 30 Mei**. Op Saterdag 29 Mei kom almal van 15:00 af by die kerkerrein bymekaar vir 'n program en 'n skaapbraai. Op Sondag 30 Mei word die fees voortgesit met 'n Nagmaalerediens om 09:00 waarby die vorige predikante van die gemeente betrek sal word. Hulle nooi alle belangstellendes en lidmate wat voorheen aan die gemeente verbonde was om saam fees te vier. Kontak ds Marthinus van Staden by [mvansta@xsinet.co.za](mailto:mvansta@xsinet.co.za) of 00267 713 07197, of besoek hul webblad by [www.nhgaborone.org](http://www.nhgaborone.org) vir meer besonderhede.

\*\*\*\*\*

## VTT 2010

- **Dit is 'n besluit van die AKV dat predikante die Voortgesette Toerustingskursus (VTT) elke jaar moet bywoon.**

Die datums van die VTT-kursus vir 2010 is vasgestel vir **1 tot 2 Junie** en **9 tot 10 November**. Die tema is *Traumaberading*.

Die kursus, wat om 09:30 begin, word weer by Gemeente Villieria aangebied en die koste beloop R300 per persoon. Verwittig mev Betsie Brits **voor 26 Mei** indien u die VTT gedurende Junie wil bywoon. Kontak haar by [betsie.brits@up.ac.za](mailto:betsie.brits@up.ac.za) of per faks by 012 420 4303. Die registrasiefooi moet asseblief vooraf elektronies of per bankdeposito betaal word.

- o Naam van rekening: Kerkgeld vir Kerkwerk
- o Instansie: ABSA
- o Rekeningnommer: 020 149 752
- o Takkode: 63 20 05
- o Verwysing: 2013K VTT (gevolg deur naam van kursuganger)

## Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- Die **NHSV-hoofbestuur se Feeskonsert** vind plaas op **Saterdag 15 Mei** om 14:00 in die kerksaal van Gemeente Schoemansdal. Die volgende Hervormde kunstenaars tree op ter viering van die 70ste bestaansjaar van die NHSV: Kevin Leo; Thinus van Staden en sy groep; Franco en Ingemari Loots; Hannes Retief;



Oorwinningskinders met Jaco, Rianda, Rozelda en Leon Fourie; Henry van Dyk; en die gewilde groep La Diva. Die koste is R60 per persoon en sluit verversings in. Die opbrengs van die konsert is ten bate van die **NHSV se Armoedefonds**. Kaartjies is by die NHSV-kantoor beskikbaar, telefoonnommer 012 325 0117.

**FRIKERNES FAMILIE FEES 28-30 MEI** KEY WEST  
at you'll ever need

PLEK: KEY-WEST KRUGERSDORP

VRYDAG 28 MEI 2010  
Kore

SATERDAG 29 MEI 2010  
Bobby Van Jaarsveld

**FEAST 7** KEY WEST  
**A M I L Y**  
**CHOIRS**  
The Count Down

Date: 28/5/2010  
Time: 17:30  
Place: Key West  
082 341 7205

KONTAK DS HEIN DELPORT VIR VERDERE INLIGTING BY 082 341 7205

Familie Fees  
Tyd: 14:30  
Datum: 29/5/2010  
Plek: Key West  
Prys: R70.00  
BOBBY VAN JAARSVELD

SONDAG 30 MEI 2010  
Zoë; DieSel; Louis Brittz

**FEAST 7** KEY WEST  
**A M I L Y**  
**GOSPEL**  
Diesel Zoë

Date: 30/5/2010  
Time: 10:00  
Place: Key West  
Price: R20.00  
082 341 7205

- 'n Gratis **musiekkonsert** word op **Sondag 16 Mei** om 15:00 in die kerkgebou van **Gemeente Rustenburg-Suid** te Kockstraat 153 gehou. Die kunstenaars wat sal optree, is Wim Viljoen (orrel), Anton Delen (trompet), Sheldon Beangstrom (doedelsak), Hanli Stapela (sopraan) en die koor van die Hoërskool Rustenburg onder leiding van Albert Morland. Daar sal geleentheid wees vir samesang met die koor, solis en instrumentaliste. Dit belooft om 'n besondere geleentheid te wees wanneer die befaamde kunstenaars vir die eerste keer saam in Rustenburg optree! Kom vroeg en wees verseker van 'n plek. Die deure open om 14:00.

- **Gemeente Krugersdorp** hou van **Vrydag 28 tot Sondag 30 Mei Familiefees**. Vrydag tree verskillende kore op, en Saterdag Bobby van Jaarsveld. Sondag hou hulle **gospelfees** met Diesel, Zoë en Louis Brittz. Kontak ds Hein Delport by 082 341 7205 vir meer inligting.

- **Navi Redd** tree op **Donderdag 3 Junie** om 19:00 op in die Eufeessaal, Krugersdorp. Die koste is R50 per persoon, en die fondse is ten bate van die **NHSV-hoofbestuur se Armoedeprojek**. Kaartjies is beskikbaar by M Fourie, 011 953 1402.

## Kampe en toere

- **Gemeente Gaborone** in Botswana bied van **31 Mei tot 5 Junie** 'n **vliegsafari aan**. Kontak Rudie de Wet by +267 713 00166 of [rudie@dewetdrilling.co.bw](mailto:rudie@dewetdrilling.co.bw), Guillaume Knipe by +267 713 00646 of [gknipe@work.co.bw](mailto:gknipe@work.co.bw), of Jan de Wet +267 713 00168 vir meer inligting.

- 'n **Toer** van agt dae word **na Israel** onderneem van **31 Mei tot 7 Junie 2010**. Vyfsterakkommodasie en -versorging. Toerprys R19 000 alles insluitend. Kontak dr Hennie Botes by 014 743 0209 of [hjbotes@worldonline.co.za](mailto:hjbotes@worldonline.co.za).

## Sportbyeenkomste en -kompetisies

- Op **Saterdag 29 Mei** bied Gemeente Piet Retief 'n **visvangkompetisie** aan by die Heyshopedam op die Ermelopad. Inskrywings vind van 06:00 af plaas en inweeg sluit om 16:00. Inskrywingsgeld beloop R80 per persoon met twee stokke. Die eerste prys is 'n **vakansie aan die Natalse Noordkus** van 'n Vrydag tot die volgende Vrydag (buite seisoen), ter waarde van minstens R7 000. Daar sal ook ander pryse wees, en wegneemetes sal deur die dag te koop wees. Kontak Flip Klopper by 083 785 5448, Isak Potgieter by 072 246 4554 of Gert Coetzee by 082 927 0220. Die **aand** om 19:00 word 'n **damdans** met die tema *The good, the bad and the ugly* aangebied. Toegang by die dans beloop R50 per persoon en sluit 'n ete in. Vir inligting oor die dans, kontak Graeme Bennie by 082 782 2123.

## Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Losberg** in Fochville bied 'n **Jagpakket** aan. Die fondse gaan aangewend word vir **diakonale dienswerk** soos ouetehuse, kinderhuse, buitengewone onderwys, barmhartigheid, ensovoorts. Daar is 5 pryse wat gewen kan word vir slegs **R50** – 'n blouwildebees, 'n blesbok, 'n lam, 'n vark en 4 kg biltong. Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617 om in te skryf. Die trekking vind plaas op **2 Julie 2010** tydens die gemeente se Biltongaand.



Navi Redd 2006

**BOTSWANA FLY-IN**  
The "Nieuweveldse Helderheid" Oorlog, Gewone mensdomme is hantseer. A fundraising event in the form of a fly-in to Botswana

**31ST MAY- 5TH JUNE 2010**  
Only 30 aircraft incl. Helicopters

Day 1 - Fly to Gaborone, Botswana  
Day 2 - Fly to Gaborone, Botswana  
Day 3 - Fly to Gaborone, Botswana  
Day 4 - Fly to Gaborone, Botswana  
Day 5 - Fly to Gaborone, Botswana

ALL THIS FOR ONLY R18,500.00  
(R18,500.00) PER AIRCRAFT (2 PERSONS)  
Evenings incl. drinks plus food (SUCH AS)

Contact:  
Rudie de Wet 014 743 0209  
Gert Coetzee 082 927 0220  
Flip Klopper 083 785 5448

**Hervormde Kerk Piet Retief BIED AAN:**

**Hengel Kompetisie & Dans**  
**Heyshope Dam**  
**29 Mei 2010**

Hengel: R80 per persoon (2 stokke)  
Inskrywings vanaf 06:00 inweeg 16:00

**DANS: 19:00**  
**R50 per persoon**  
**ETE INGESLUIT**

GROOT PRYSE!!!  
Kontak: kroeg





**Ned. Hervormde Kerk Roedtan**  
**BILTONGJAG** 1ste prys van **R50 000**  
 1ste prys met verbruikswaarde van oondreëster met  
**Jagdatum: vanaf 14 Augustus 2010**  
**SOOS BESPREK MET FISAAR**  
**Wenkieser inskrywing in Frank en tot 14 Augustus 2010**

**Jagpakket:**  
**1ste Prys:**  
 1 x Buffelkoei  
 2 x Blouwildebeeste  
 1 x Koedoe  
 1 x Blesbok  
 1 x Rooibok  
 1 x Buffelkoei  
 2 x Rooibok  
 1 x Koedoe  
 1 x Blesbok  
 1 x Rooibok  
 1 x Buffelkoei  
 1 x Rooibok  
 1 x Koedoe  
 1 x Blesbok  
 1 x Rooibok  
 1 x Buffelkoei

**2de Prys:**  
 1 x Buffelkoei  
 1 x Rooibok  
 1 x Koedoe  
 1 x Blesbok  
 1 x Rooibok  
 1 x Buffelkoei

**3de Prys:**  
 1 x Buffelkoei  
 1 x Rooibok  
 1 x Koedoe  
 1 x Blesbok  
 1 x Rooibok  
 1 x Buffelkoei

**Koete per Kaartjie: R50**

**Gemeente Roedtan**

**2010 Jagkompetisie**



- **Gemeente Losberg** is ook besig om **fondse** in te samel vir die basaar op 28 Mei. 'n Replika van 'n **1931 Chevrolet Roaster**, handgemaak van rooshout op 'n skaal van 1:14, is aan die gemeente geskenk. Koop 'n kaartjie teen R10 en maak 'n aanbod (wat u vir die replika sal betaal). Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617 om deel te neem. Die sluitingsdatum is **28 Mei 2010**.
- As deel van **Gemeente Randburg** se jaarlikse basaar (**5 Junie 2010**), waarvan die totale wins vir **barmhartigheid** aangewend word, loods hulle 'n kompetisie om 'n **vakansie vir twee na Egipte** te wen. Die prys sluit retoer ekonomiese vliegtuigkaartjies in vir Johannesburg-Kaïro-Aswan-Luxor-Kaïro-Johannesburg; lughawebelasting; vervoer tussen lughawe, hotel en hawe; 3 nagte op Nylboot (alle etes ingesluit); en 2 nagte in Kaïro (bed en ontbyt). Kaartjies is beskikbaar teen 'n donasie van R100 by 011 787 4983, [admin@nhk-randburg.co.za](mailto:admin@nhk-randburg.co.za) of [elna@nhk-randburg.co.za](mailto:elna@nhk-randburg.co.za).
- Aspirantsangers tussen die ouderdomme van 13 en 23 jaar kan deelneem aan 'n **Afrikaanse sangkompetisie** by **Gemeente Ottosdal** op **Saterdag 31 Julie** vanaf 14:00. Die **sluitingsdatum** vir inskrywings is **Vrydag 16 Julie**. Die eerste, tweede en derde pryse is onderskeidelik R3 000, R1 500 en R500. Navrae kan gerig word aan Adri Botha by 082 403 5051.
- **Gemeente Roedtan** loods hul jaarlikse **Buffeljagkompetisie** vir R50 per kaartjie. **Eerste prys:** 1 x buffelkoei, 2 x blouwildebeeste, 1 x koedoe, 1 x blesbok, 1 x rooibok. Plus akkommodasie vir 10 mense vir vier dae. **Tweede prys:** Voëlslag plus akkommodasie vir 10 mense vir twee dae. **Trekkingsdatum: 14 Augustus**. Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, faks 0865 189 110, of [jagkompetisie@gmail.co.za](mailto:jagkompetisie@gmail.co.za). Bankrekening: Absa Spaarrekening: takkode 63 20 05; rekeningnommer 924 227 4630. Stuur u e-posadres aan ds Thys, sodat hy vir u die interessante *Roedtan Kronieke* wat die kompetisie verduidelik en vertel van Roedtan se mense, kan stuur. In die nuutste uitgawe: *Die man wat sy hande die saligheid belowe het, en sy sitvlak die ewige rus!*

## Basaars en markte

- **Gemeente Hartbeesfontein** hou basaar op **Vrydag 7 en Saterdag 8 Mei**. Die tema is *Bo blink en onder stink*. **Vrydag 7 Mei** is hul **Dorperskoudag**. Inskrywingsgeld moet voor 08:30 op 7 Mei betaal wees. Kontak SP Fourie by 082 745 4906 of Cobus Erasmus by 083 461 0950. Daar is vele pryse te wen. **Saterdag 8 Mei** is daar baie om te doen – vang my, 'n karatevertoning, Asjas word opgeveil, Boeredansvertoning, hondeskou en hondetoertjies, en 'n modeparade. Neem deel aan 'n trekking en wen 'n boerdery. Dié kompetisie word aangebied deur die Hervormde boere van Hartbeesfontein en Gerdau se gemeentes. Die 1ste prys: 10 x topvleisverse + 'n geregistreerde Simbrabul of R40 000 kontant in jou sak. 2de prys: 10 x merino-ooie + 'n ram of R10 000 kontant. 3de prys: 'n week lange vakansie aan die Suidkus. Vir slegs R100 staan jy 'n kans om die ongelooflike pryse te wen, en jy hoef nie daar te wees om te wen nie. Koop 'n kaartjie deur gedurende kantoorure (08:00 tot 16:30) te skakel na 018 431 0685/6 of 084 602 8712.
- **Gemeente Nigel** hou basaar op **Saterdag 8 Mei** van 09:00 tot 14:00 op die kerkerrein op die hoek van Eeufeslaan en Somersetstraat in Nigel. Vanjaar het hulle weer hul bekende vleisstalletjie en tuisgemaakte wors. Vleissnitte kan vooraf bestel word saam met biltongsnitte gereed om gehang te word. Kom lag lekker saam vir Jan Spies-vertellings in die amfiteater. Besoek die groente-en-vrugtemark, geniet die kerrie-en-rys en al die tradisionele eetgoed van 'n puik basaar. Vir die jongklomp is daar onder meer verfbal en *bloukoljôl*. Kontak ds Guillaume Rocher by 082 767 7630, 011 814 3024 of [gllmrocher@gmail.com](mailto:gllmrocher@gmail.com).

- **Gemeente Benoryn** in Benoni bied op **Saterdag 22 Mei** 'n **Herfsfees** aan op die gemeentelike gronde in Strubenstraat, Rynfield. Behalwe vir die normale basaarbestanddele soos 'n vleistafel, tuisgebak, pannekoek, witolifanttafel en boeresport, bied hulle ook die volgende aan: 'n saamtrek van die Nasionale Bloedbank; 'n veteraanmotorskou; verskeie uitstallers; veeldoelige handgemaakte ware; verskeie pryse; genoeg om oud en jonk vir die dag besig te hou. Die verrigtinge begin 10:00. Kontak ds Marlize Gasson by 072 117 0317 of 011 849 3266 vir meer inligting.



Fredi Nest

- **Gemeente Wonderfontein** in Oberholzer hou vanjaar weer soos die vorige 9 jare **Winterskou**. Dit vind plaas van **Donderdag 27 tot Saterdag 29 Mei**. **Donderdagaand** om 19:00 tree Juanita du Plessis op, **Vrydagaand** Beeskraal en Bok van Jaarsveld, en **Saterdag** Elisma en Fredi Nest. **Vrydagoggend** word die **Bo 60**-groep getrakteer. **Saterdagoggend** vind 'n baba-en-kleuter-kompetisie plaas wat hanteer word deur Pikkie Kleuterskool. Die Mnr en Mej Winterskou 2010 vind **Saterdag na 14:00** plaas. Gaan geniet die mallemeule en klimmure, of loop met ballonne op die water. Daar sal ook uitstallers wees, en daar is nog 'n paar oop staanplekke vir buitengewone stokperdjies en ware beskikbaar. Stuur 'n faks met besonderhede na 018 786 3481. **Sondagoggend** 30 Mei word die fees afgesluit met 'n lofdiens. Kontak ds Nickie Alberts by 018 788 5071, 083 783 8143, 018 786 8143 of 082 713 4544.



Willie Joubert

- Die **Dora Theo Gemeente** in Kimberley hou op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Mei basaar en Gospelfees** by Hoërskool Diamantveld. Kom luister na **Uitverkoop** en **Willie Joubert**. Kontak ds Hennie Pretorius by [hennie@noordkaapkerk.co.za](mailto:hennie@noordkaapkerk.co.za) of 053 832 4018.

- **Gemeente Losberg** in Fochville hou op **Vrydag 28 Mei** hul **jaarlikse basaar** op hul kerkterrein. Die basaar begin om 10:00 en duur tot laat. Kosstalletjies, 'n teetuin waar die moeë voete kan rus, allerlei gebak en pragtige tierlantyntjies is beskikbaar. Hope vleis vir die vrieskas, en ook baie pret en spelletjies vir die kinders. Kontak ds Ernest Marran by 018 771 2340 of 082 444 1089 vir meer inligting.

- Die **Kuruman-kombinasie** bied op **Saterdag 29 Mei** om 09:00 die **Kameeldoring-karnaval** aan. Bok van Blerk, Piet Planter en ander plaaslike kunstenaars tree op as gaskunstenaars, en toegang is gratis. Hulle het ook 'n groot **kompetisie** teen slegs R100 per kaartjie. Die 1ste prys is 'n gerestoureerde 1971 Ford Fairlane V8; die 2de prys is 'n 1975 Mercedes Benz 240D; die 3de prys is 'n vleispakket bestaande uit 'n slagbees, slagskaap en 'n gemsbok; en die 4de prys is 'n week lange vakansie in Umdloti van 16 tot 23 Julie. Daar sal vleis verkoop word teen billike pryse, en daar is 'n veiling met kwaliteit artikels. Vir meer inligting, kontak Rita Kern by 083 328 4465 of 053 723 1266.

- **Gemeente Schoemansdal** in Hartbeespoort hou op **Saterdag 29 Mei basaar**. Kontak Mientjie by 012 253 0146 vir meer inligting.

- **Gemeente Groot Marico** hou vanjaar hul **Safarikarnaval** op **Saterdag 5 Junie**. Toegang is gratis en daar is volop parkeerplek. Die gaskunstenaar is Thys die Bosveldklonk. Koop pragtige kunswerke en antieke meubels op die veiling, eet pap en kaiings soos in die ou dae, vul sommer die vrieskas aan met keur vleissnitte (uiters goeie pryse), om nie te praat nie van die konfyte en ander ingelegde produkte. Rig navrae aan ds Willem Sauer by 079 699 1237 of besoek [www.maricosafarikarnaval.co.za](http://www.maricosafarikarnaval.co.za).

- **Gemeente Van der Hoff** in Groblersdal hou op **Saterdag 5 Junie** van 09:00 af 'n **Potbelly**-basaar op die kerkterrein. Daar word onder meer 'n groot potjiekoskompetisie aangebied met heerlike pryse te wen. Soos gebruiklik baie te sien, te doen, te koop en te eet! Vir meer inligting, skakel ds Johan du Preez by 013 262 4266 of Kobus Ehlers by 082 692 9809.



Ter illustrasie

**Sat 29 Mei**  
Vanaf 08:00

# BOSVELD BASAAR

OP REIS!

Bring U Vriende!!

Hierdie jaar is die basaar nog groter en beter! Staatsreisa wat jou hoesdag sal besig hou! Bring jou stoes en kuis saam met ons. Hoesdag! Sing saam! Eet saam! Kuis saam!

Kom reis saam met duisende ander deur opwindende lande! Kom koop en geniet! Pannekoek, hamburgers, getakke brood, groente en vrugte, koske vir Afrika, rugem, vleis en nog meer... en meer...

**Musiekfees!**  
Gratis Toegang!

Charl van Zyl  
OSTER EL  
RNOSTER

Nicholis Louw

Heinz Winckler

Abrie

Bobby van Jaarsveld

Kinders kan baljaar en die dag saam geniet!

NH Gemeente, Schoemansdal  
Marais Str - Schoemansville  
Hartbeespoortdam  
012 253 0146  
nhzkrkdam@telkomsa.net



- **Gemeente Ventersdorp** hou op **Saterdag 4 September** basaar. Daar sal ook **pretritte met veteranomotors** wees. Daar is geen inskrywingsfooi nie maar wel goeie pryse te wen. Enigeen wat die gemeente finansiëel wil ondersteun of aan 'n pretrit wil deelneem, kan Mario Röscher kontak by 083 566 4351.

## ANDER NUUS



- Die **Kommissie vir Afrikabediening** het by geleentheid 'n **1 ton-sleepwaentjie** aangekoop om kruideniersware na Zimbabwe te vervoer. Baie probleme is op die grens ervaar die twee keer dat die waentjie gebruik is omdat te veel goedere op een slag deurgeneem word. **Daarom is besluit om die waentjie te verkoop.** Die waentjie is toe en in 'n puik toestand, en kan maklik agter 'n bus, bakkie of motor getrek word. Skakel dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256.

- Die Jonathan Edwards Center Africa van die **Universiteit van die Vrystaat** nooi hiermee predikante, studente en belangstellendes uit na 'n akademiese geleentheid waarin 'n **studieprogram vir die klassieke teologie** bekendgestel word. In klassieke teologie gaan dit om die bestudering van primêre teologiese bronne aan die hand van 'n metode met akademiese integriteit. Hiermee word nie net die akademiese beoefening van die teologie gedien nie, maar ook (veral) die plaaslike bediening van die evangelie gerugsteun deur die uitbou van nuwe kennis en vaardighede waarin horisonne aangrypend verbreed word. Die doel van die studiedag is om te luister na die verwagtinge, idees en voorstelle van kollegas wat in die praktyk staan, met die oog op die bevordering van die studie van klassieke teologie. Die geleentheid vind op **Vrydag 7 Mei** plaas in **Gemeente Eben Haëzer** se kerkgebou by 31ste Laan, Villieria, Pretoria. Daar sal die dag donasies gevra word om die koste vir die tee en middagete te dek. Kontak prof Britz by 051 401 2546, 051 444 0007 of [britzrm@ufs.ac.za](mailto:britzrm@ufs.ac.za) vir meer inligting.

- Op **Saterdag 8 Mei** bied A4C (*Adventures for Christ*) 'n **Gesinsdag** aan by die RMFJ-kampterrein in Pretoria (*Real Men Follow Jesus*). Die hoofdoel is om 50 000 Bybels vir behoeftiges in te samel, asook om 200 kinders van die Sonop-kinderhuis in Pretoria op dié dag van kos te voorsien. Daar sal kosstalletjies, sangers, uitstallers, 'n vlooiemark en verskeie ander aktiwiteite wees. Bring u ou Bybels saam, of borg die aankoop van nuwe Bybels. Vir meer inligting, besoek [www.adventures4christ.co.za](http://www.adventures4christ.co.za), of kontak LJ Swart by 082 888 9302, of Riette Combrink by 084 415 8516 of [riette@activebrand.co.za](mailto:riette@activebrand.co.za).

- Die **Eiland/Beeld-Kinderfonds Gholfdag** vind plaas op **Saterdag 15 Mei** by die Hans Merensky Buiteklub in Phalaborwa. Gaan speel ghoif, of neem deel aan een van 'n verskeidenheid borggeleenthede, of gee 'n ex gratia-donatie. Kry so blootstelling tydens die geleentheid en daarna in die media. Stuur 'n e-pos na [info@beeldkinderfonds.co.za](mailto:info@beeldkinderfonds.co.za) vir 'n inskrywingsvorm.

- Die **Dokkies Opvoedkundige Trust** sal finansiële steun oorweeg aan geselekteerde voornemende studente vir opleiding as **onderwysers**, vir indiensopleiding en verdere opleiding van gekwalifiseerde onderwysers, en vir geselekteerde, goedgekeurde opvoedkundige projekte. Voornemende aansoekers kan by Die Sekretaris, Dokkies Opvoedkundige Trust, Privaatsak X01, Umbilo 4075 aansoek doen om 'n prospektus. 'n Geadresseerde, gefrankeerde DLB-grootte koevert (± 210 x 99 mm) moet die aansoek vergesel. Aansoekers kan ook 'n e-posadres verskaf, of die webblad [www.dokkiestrust.za.org](http://www.dokkiestrust.za.org) besoek. Aansoeke vir 2011 sluit op **30 Oktober 2010**.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergaderplekke en lokale.

ATKV-EILAND SPA/BEELD-KINDERFONDS SE JAARLIKSE GHOLF DAG

15 MEI  
HANS MERENSKY GHOLF KLUB PHALABORWA

BORG 'N PUTJIE  
R2 000 per vertel

SPEZIALE VERBLIF AANBOD  
By naweek en betaal net R650 vir vier persone in Rondewal (RD214)

Oprengs ten bate van die Beeld-Kinderfonds

Onthou!  
Bring die advertensie saam om in aanmerking te kom vir die spesiale aanbod

BAIE PRYSE OM TE WEN!

Vir nader kontak: Hannelie van Schalkwyk by 015 386 8000  
of per e-pos by [hanneliev@atkv.org.za](mailto:hanneliev@atkv.org.za)

ATKV-Eiland Spa  
015 386 8000  
[info@atkv.org.za](mailto:info@atkv.org.za)  
[www.atkvoorde.co.za](http://www.atkvoorde.co.za)

**Eiland Spa**  
ATKV-YKARANSIGDORE

- o Vrydag 7 Mei: Predikantepensioenfonds; Personeelpensioenfonds
- o Maandag 10 Mei: Redaksie van *Konteks*

Die vergadering van die **Raad vir Regsadvies** wat geskeduleer is vir 10 Mei, verval aangesien die Raad sy werksaamhede voor die AKV afgehandel het. Die **Kuratoriumvergadering** is van 11 Mei na 18 Mei geskuif.

## KOMMENTAAR

**Geagte Anoniem** (*e-Hervormer* 29 April)

Dankie, maar nee dankie sê u?!

Tussen die lyne lees 'n mens dat u uit die hart praat maar u probeer nie die saak positief dien nie. Die argument dat u dalk 'n 210 liter konka wurms oopmaak, maak my juis bekommerd, want presies wat het u in gedagte?

Die afgelope aantal jare poog die breë Kerk om antwoorde te vind op al die onbeantwoorde vrae. Ons het ook vrae, dalk het u meer, en baie energie word bestee om oplossings te bedink. Waarom sou u nie deel van die oplossing wil wees nie?

Studiegroepe en individue doen oor 'n lang periode al navorsing oor dit wat in die Kerk gebeur en hoe die saak van die Kerk van die Heer ten beste gedien kan word.

Oor die *bestuur van die Kerk* waarna u verwys, net 'n enkele opmerking. Presies wie is die bestuur waarna u verwys?! Is hulle nie dalk net so soekend soos u nie? Kan u siening nie dalk juis 'n verskil maak nie?

Asseblief, Anoniem, kan u my kontak? Nee, u móét met my kontak maak, en ons kan saam oor die saak besin.

Ek glo u kan 'n bydrae maak en so die Heer van die Kerk dien.

**Kobus Viljoen, Administrateur**

## AGTERBLAD

### Dag van Verootmoediging Sondag 9 Mei 2010

**Die Moderamen het twee skrywes van onderskeidelik die Tussenkerklike Raad (TKR) en die TLU SA na gemeentes deurgegee waarin gemeentes en lidmate van die Kerk opgeroep word om Sondag 9 Mei 2010 as dag van verootmoediging en gebed ook in die erediens te wy.**

Die TKR het besluit om, in die lig van die geweld, onrus en misdaad in Suid-Afrika, die dag as 'n dag van verootmoediging en gebed uit te roep waartydens ons ons voor die Here verootmoedig en waartydens ons ook bid vir hoop, vir krag om dade van liefde, versoening en geregtigheid uit te leef, vir die handhawing van reg, en vir die owerheid van Suid-Afrika in al sy gestaltes.

Aangesien die Moderamen nie besluitnemingsbevoegdheid het nie en die versoek nie aan die Kommissie voorgelê kon word, kan kerkrade self besluit of hulle aan die versoek gehoor sal gee.